



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: | Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS 1: ARTIKEL**

## Die Hertzogprys hy kô hystoe

1 "Liewer laat as nooit," het letterkundiges gesê nadat die skrywer, digter en dramaturg, Adam Small (75), in Maart 2012 met die Hertzogprys bekroon is vir sy drama-oeuvre, wat oor feitlik 50 jaar strek.

2 Hier en daar het die oë gerek: dié prestigeprys word mos gewoonlik toegeken vir 'n oorspronklike werk wat in die voorafgaande drie jaar gepubliseer is.

3 Vir byna vyf dekades – sedert Small se Distrik Ses-drama, *Kanna hy kô hystoe,* gepubliseer is – het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom oor die hoof bly sien vir die Hertzogprys. Hierdie prys word toegeken vir Afrikaanse letterkunde van hoogstaande gehalte.

4 Nou is dié onreg reggestel.

5 *Kanna hy kô hystoe*, oor 'n bruin seun wat aan die verdrukking van apartheid ontsnap, staan "kop en skouers uit as 'n hoogtepunt in die Afrikaanse dramatiese kuns" het die Akademie in 'n verklaring oor Small se drama gesê. JC Kannemeyer het tereg *Kanna hy kô hystoe* in dieselfde asem as die werke van belangrike internasionale dramaturge genoem.

6 In 2009, met die viering van die Akademie se honderdste bestaansjaar, is die Eeufeesmedalje aan dié ouddosent van die Universiteit van Wes-Kaapland vir sy algehele oeuvre toegeken. Dít is uit verskeie oorde as 'n halfhartige poging afgemaak. "Dit is 'n belediging om te dink 'n eremedalje kan dinge regstel," het die digter, Antjie Krog, toe gereageer.

7 "Die onreg wat Small aangedoen is, kan net reggestel word deur aan hom te gee wat hom toekom: die Hertzogprys self," het die rubriekskrywer, Jason Lloyd, destyds in *Rapport* geskryf.

8 Small se werk was onlangs weer op die voorgrond toe *Die Tydskrif vir Letterkunde* se 2012-uitgawe aan die nalatenskap van sy werk gewy is. In dieselfde tyd het 'n bundel, *Kô laat ons sing,* saamgestel uit gedigte vanaf 1957 tot 1986, ook verskyn.

9 Small se stem is sedert 1997 stil. Hy het vir langer as 'n dekade nie in die openbaar verskyn nie. Tog het dit onlangs bekend geword dat 'n nuwe bundel, glo *Klawerjas**, behoort te verskyn.

10 Adam Small verdién die Hertzogprys. Die digter, Breyten Breytenbach, het hom onlangs soos volg hieroor uitgelaat: "Vir die gehalte van sy werk – sy oorspronklikheid, integriteit, sensitiwiteit, etiese krag, taal en beeldgebruik, wat tot 'n ryke seggingskrag bydra – moes hy eintlik jare gelede al hierdie erkenning gekry het."

Kopiereg voorbehou 

11 Ander taalkenners, soos prof. Steward van Wyk, hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die UWK en samesteller van Small se pasverskene bloemlesing, het gesê: "Dit is verblydend en 'n welverdiende erkenning vir sy enorme bydrae op vele terreine."

12 Abraham H de Vries het bygevoeg dat dit Small se gebruik van Kaapse Afrikaans was wat dié drama tot sy reg laat kom het.

13 Dit is ook waar dat die toekenning redelik omstrede was. Vrae is gevra oor die toepassing en interpretering van die Akademie se reëls. Beskuldigings is gemaak dat die vereistes stil-stil aangepas is om die toekenning te kon maak.

14 Dr. Nicol Stassen, besturende direkteur van Protea Boekehuis, het gesê daar is nie regverdig en reëlmatig opgetree nie omdat die reëls bepaal dat slegs oorspronklike tekste wat in die vorige drie kalenderjare gepubliseer is, in aanmerking mag kom.

15 Die Akademie se besluit is deur prof. Jacques van der Elst, uitvoerende hoof van die Akademie, verdedig. Volgens hom is daar wel volgens die vereistes opgetree. As motivering vir die toekenning van die prys het die Akademie verwys na Small se werk wat – hoewel dit grootliks tussen die Sestigs en Sharpeville ontstaan het – vandag steeds relevant, aktueel en sinvol is. Sy werk fokus immers op universele vraagstukke.

16 Wat het Small self oor al hierdie dinge te sê gehad? "Stilte is ook praat. Ons kan soms so onverskillig met woorde omgaan. Ons weet mos dat silence soms golden is ... even important én mooi."

17 Tydens 'n onderhoud met Michael le Cordeur in *Rapport* van 6 Oktober 2013 het dit aan die lig gekom dat Small in dié bundel nou die mens is wat terugkyk op die lewe, nie meer in opstand teen 'n stelsel is nie en nie meer 'n stem gee aan mense na wie niemand wou luister nie. Nou is hy in opstand teen die sterflikheid. Op reis na homself, huis toe.

18 **Klawerjas* is wel op 14 September 2013 by die Breytenbach-sentrum se Tuin van Digters bekendgestel. *Klawerjas* is 'n Kaapse woord. Dis 'n intellektuele groepspel en verg dissipline en samewerking tussen spanmaats. Klawwedjas (soos dit op die Kaapse Vlakte uitgespreek word) is 'n spel wat mense bymekaar hou.

[Aangepas uit: *Nuus Nou,* 5 April 2012, *Rapport*, 6 Oktober 2013]

1.1 Watter woord in paragraaf 1 gebruik die skrywer om aan te toon dat die Hertzogprys 'n toekenning vir uitnemende werk is? (1)

1.2 Volgens paragraaf 2 het daar hier en daar oë gerek.

1.2.1 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die onderstreepte woorde? (1)

1.2.2 Dink jy dat mense rede gehad het om hulle oë te rek toe die prys toegeken is? Motiveer jou antwoord met verwysing na die teks. (1)

1.3 Dui die politieke agtergrond aan waarteen Small se drama, *Kanna hy kô hystoe,* afspeel. (1)

1.4 Verduidelik die verband tussen die idioom, *Liewer laat as nooit* (paragraaf 1), en die inhoud van paragraaf 3 en 4. (2)

1.5 Paragraaf 4 se doel is beklemtoning. Motiveer waarom die paragraaf in sy doel slaag. (1)

1.6 Skryf EEN woord uit die teks neer wat op al die kreatiewe werk van ’n kunstenaar dui. (1)

1.7 Watter argumente het Small se ondersteuners gebruik vir hulle beskuldiging dat die toekenning van die Eeufeesmedalje in 2009 ’n *halfhartige poging* was? (2)

1.8 Na watter jaar verwys die onderstreepte woord in paragraaf 7? (1)

1.9 Hoewel Adam Small se *stem sedert 1997 stil (is)*, het hy nie van die literêre toneel verdwyn nie.

Bewys hierdie stelling. (3)

1.10 Watter woord gebruik die skrywer in paragraaf 9 om aan te dui dat hy onseker is oor die korrektheid van die inligting? (1)

1.11 In paragraaf 10 word die eienskappe van Small se werk uitgehef ten spyte van die onderbeklemtoning daarvan.

Watter tegniek gebruik die skrywer om hierdie uitheffing te bewerkstellig? (1)

1.12 Uit paragraaf 13 blyk dit duidelik dat die toekenning omstrede was. Watter ander woord in dieselfde paragraaf sluit by die woord *omstrede* aan? (1)

1.13 Wat is die verband tussen paragraaf 5 en paragraaf 15? (1)

1.14 Hoe sluit Adam Small se paradoksale antwoord in paragraaf 16 aan by sy doen en late vir die vyftien jaar wat die toekenning voorafgegaan het? (2)

1.15 Hoekom is die taalgebruik in die titel effektief? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS 2: VISUELE TEKS**




[Uit: www.rapport.co.za]

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | Watter letterkundige aktiwiteite word op hierdie fees aangebied? | (2) |
| 1.17 | By watter aanbieding kan Adam Small self aan die woord wees? | (1) |
| 1.18 | Hoe kan die woorde *Die nuutste drama* (TEKS 2) van toepassing wees op die Hertzogprys (TEKS 1)? | (1) |
| 1.19 | Waarom kan hierdie spotprent as 'n voorbeeld van stereotipering gesien word? | (4) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE voordele wat plante vir die mens inhou**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**PLANTE: KLEURRYKE WONDERWERK OP AARDE**

Volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2011) is plante lewende organismes van die ryk *Plantae* wat met wortels in die grond vassit en daaruit voedsel neem.

Kan jy jou 'n wêreld sonder plante voorstel? Sou ons daarsonder kan oorleef? Beslis nie, want nie net stel plante suurstof deur fotosintese vry nie, maar vorm ook in hul dooie vorm 'n vrugbare bolaag vir landboudoeleindes.

Sommige plante beteken dus baie vir die mens, aangesien graan, groente en vrugte stowwe soos vitamiene bevat wat noodsaaklik is vir ons gesondheid. Dis 'n bekende feit dat vitamien C, wat in lemoene voorkom, verkoues en ander siektes help keer. Die mens se oë en longe word deur vitamien A, wat in geel en donkergroen groentes soos wortels en spinasie voorkom, gesond gehou. Kropslaai lewer benewens ander vitamiene, proteïene en minerale ook vesel wat die spysverteringstelsel gesond hou. Verorber dus maar jou slaaiblare as jy weet wat goed is vir jou.

Stysel in koringare gee jou energievlak 'n hupstoot.

Mense oor die hele wêreld heen het al baie eeue gelede agtergekom dat sekere plante medisinale gebruike het. So kan 'n aftreksel van die bas van die kinaboom malaria genees. Wetenskaplikes reken daar is dalk plante in die reënwoude wat siektes soos Vigs, hartkwale en kanker kan genees en is bekommerd dat hulle sal uitsterf as dié woude vernietig word.

Kruie word duisende jare reeds gebruik as medisyne: hul geskiedenis strek so ver terug as die geskiedenis van die mens. Maar in elke land en by elke volk is daar ook kruie wat tradisioneel as insekweerders gebruik word.

Basiliekruid was een van antieke Egipte se gunstelingkruie: oorblyfsels van basiliekruid is by mummies gevind en na al die jare het hulle nog lekker geruik. Kruisement is ook bekend vir sy verfrissingsrol en dat dit muskiete en muggies van die mens af weghou.

Ander kruie soos roosmaryn is deur die eeue heen as 'n kruid hoog geag en is steeds baie gewild – daar word gesê dat Maria tydens haar en Josef se vlugtog deur Egipte haar blou kleed vir skadu oor 'n roosmarynbos gegooi het. Ter verering het die blomme blou geword en vir ewig so gebly.

Plante nie goed vir die mens nie? Dink weer!


[Aangepas uit: *Huisgenoot*, 26 September 2002]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




5 Dit sal hemel op aarde wees.
6 Besoek <u>www.woordfees.co.za</u> vir die program.
7 Bespreek jou kaar**tj**ies by Computicket (021 809 7473).

[Aangepas uit: *taalgenoot*, somer 2013]

3.1 Vorm deur middel van ’n afleiding ’n persoonsnaam van *drama*. (1)

3.2 Waaraan kan die sukses van al die foto’s se plasing (reël 1) in die advertensie toegeskryf word? (1)

3.3 Lees reël 2.

3.3.1 Wat is die denotatiewe en die konnotatiewe betekenis van die woord in hierdie advertensie? (2)

3.3.2 Hoe dra dié woord tot die sukses van die advertensie by? (1)

3.4 Gee die afkorting vir die onderstreepte soortnaam in reël 3. (1)

3.5 Lees reël 4.

Hoekom pas die advertensie by die naam van die fees? (1)

3.6 Skryf die sin in reël 5 sodat dit neutraal is. (1)

3.7 Skryf reël 5 in die verlede tyd. (1)

3.8 Noem die klankverskynsel by die uitspraak van die vetgedrukte klank in reël 7. (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


**Raampie 1** **Raampie 2**




**Raampie 3** **Raampie 4**




**Raampie 5** **Raampie 6**




[Uit: *Huisgenoot*, 21 Februarie 2002]

4.1 Skryf die eerste woord in raampie 1 wat 'n diftong bevat, neer en onderstreep dié diftong. (1)

4.2 Wat impliseer Hägar in raampie 2? (1)

4.3 Skryf die onderstreepte sin in raampie 3 in die lydende vorm oor. (1)

4.4 Skryf 'n voorbeeld van 'n woord wat op teenstelling dui, uit raampie 3 neer. (1)

4.5 Skryf die sin in raampie 4 oor. Begin jou sin met *Die vrou sê ...* (1)

4.6 Waaruit kan jy aflei dat die gaste lekker kuier? (1)

4.7 Lees raampie 4 en 5.

Vervang die beletselteken/ellips in raampie 5 met die nodige woorde. (1)

4.8 Watter stylfiguur lê opgesluit in die onderstreepte sin in raampie 5? (1)

4.9 Skryf 'n bywoordelike bysin uit raampie 6 neer. (1)

4.10 Vorm deur middel van klinkerwisseling 'n selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in raampie 6. (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### "Welcome to my office"

1 Daar is 'n geluid wat vir my mooier is as enigiets wat ek ken. Dis mooier as die klank van die duiwe wat buite my vensterbank koer. Dis mooier as Bob Dylan se nuwe album. Dis selfs mooier as die gesis wanneer die hout begin warm word en vlamvat as ons braai.

2 Dis die stem van die man wat vir my sê "Welcome to my office" elke keer as ek van 'n vliegtuig iewers in Suid Afrika afklim.

3 Kyk, ek hou mos óf van motorry, óf van treinry. Ek hou niks van vlieg nie! Dis vir my 'n marteling om op te styg. Dis 'n marteling om die vliegtuigkos te probeer eet. Dis 'n marteling om te land. Ek haat vlieg. Ek ly aan hoogtevrees. Die kleinste bietjie gewikkel maak my bang.

4 En elke keer, net nadat ek afgeklim het, my vrees afgeskud het, en eindelik tussen die malende massas deur my weg gebaan het tot by die naaste kleedkamer, word ek gegroet deur 'n vriendelike man met 'n glimlag soos wit porselein wat by die deur van die kleedkamer staan, met 'n mop in die hand en 'n emmer, en hy sê: "Welcome to my office."

5 Hulle sê dit vir almal. Hulle staan altyd by die kleedkamers net langs die vervoerband waar 'n mens jou bagasie kry. Ek weet nie of dit amptelike lugdiensbeleid is of nie.

6 Dis ’n <u>lafenis</u> om hierdie woorde te hoor. Dis wonderlik om te besef dat ons nasie nog, ten spyte van al die probleme wat ons in die gesig staar, ’n sin vir humor het.

7 Elke keer wanneer iemand vir my (5.10) ... woorde sê – “Welcome to my office” – onthou ek dat ek ’n mens is, dat ek hier hoort, en dat ek op geen ander plek ter wêreld so tuis sal kan wees nie.

[Aangepas uit: *My tyd*, 11 November 2012]

5.1 Waarom word leestekens in dié opskrif gebruik? (1)

5.2 Haal ’n voorbeeld van klanknabootsing/onomatopee in paragraaf 1 aan. (1)

5.3 Gee die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)

5.4 Verbeter die spelfout in paragraaf 2 deur die woord korrek oor te skryf. (1)

5.5 Skryf die onderstreepte sin van paragraaf 3 in die ontkennende vorm neer. (1)

5.6 Skryf die onderwerp van die laaste sin in paragraaf 3 neer. (1)

5.7 Hoekom is *malende massas* (paragraaf 4) ’n geslaagde manier om die bedrywigheid by ’n lughawe te beskryf? (1)

5.8 Gebruik ’n deeltjiewerkwoord/skeibare werkwoord in paragraaf 4 geskei in ’n sin van jou eie. (1)

5.9 Wat beteken die onderstreepte woord in paragraaf 6? (1)

5.10 Skryf die ontbrekende aanwysende voornaamwoord (paragraaf 7) neer. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou